STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

29 APRIL 2018

GEMEENTEBULLETIN

OGGENDDIENS

'n Nuwe sin vir die lewe

(Fil. 3:7-16)

KANTOORURE VIR FINANSIëLE KANTOOR

Maandae 11:00 tot 13:00 en ander weeksdae 09:00 tot 13:00.

DEUROFFER

BADISA,

sien bladsy 3

EREDIENSTE

			29 April		6 Mei	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Duvenhage	4	Ds. Breytenbach	5
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Geen diens	-	Ds. Visagie	7
09:00	Kapel	Meditatief	Geen diens	-	Philipp Dietmann	-
09:00	Grootsaal	Klouterkerk	Geen diens	-	Brenda Visser	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Geen diens	-	Ds. Breytenbach	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Ds. Duvenhage	11	Philipp Dietmann	12

GEMEENTEBRAAI

Gemeentebraai in die Markplein op Vrydag 4 Mei. Ons voorsien die kole. Bring jou eie vleis, slaai, eetgerei, drinkgoed en glase. Kole is vanaf 19:00 gereed. Almal is welkom.

SOPBYDRAES VIR PINKSTER

Dit is tradisie in Stellenberg dat ons saans na Pinksterdienste sop en brood bedien. Ons benodig dus weer vrywilligers wat bereid is om vir een aand vanaf 13 tot 17 Mei 'n 5-liter pot sop te kook. Jy gee die warm pot sop by die markplein af, voor die pinksterdiens, en neem jou pot weer na die sopbediening huis toe. Indien jy bereid is om te help, stuur 'n e-pos aan karin@stellenberg.co.za of kontak haar by 021 945 1064.

KLOUTERKERK

Die volgende klouterkerk byeenkoms is op Sondag 6 Mei om 09:00 in die grootsaal. Ouers met babas en kleuters is baie welkom by die lekker informele erediens.

BORG-'N-BERSIE-PROJEK

Ons wil baie graag 3000 kombersies vir die jeuguitreike tydens die Julie skoolvakansie insamel. Help ons asseblief om dié droom te verwesenlik deur 'n boekmerk ter waarde van R20 / R50 / R100 te koop. Jy kan die boekmerke deur die week by die jeugkantoor aankoop of gebruik die SnapScan kode op die Borg-'n-Bersie plakkate om jou bydrae te maak.

BADKAMERS BY DIE GROOTSAAL

Die badkamers langs die grootsaal (in die deurloop) word opgegradeer en is tans nie geskik vir gebruik nie. Gebruik asb. die badkamers oorkant die kleinsaal. Die ou toilette wat verwyder is uit die badkamers is te koop. Kontak Fritz by 021 976 4519 / fritz@stellenberg.co.za om 'n aanbod te maak.

SINKING VAN BOORGAT

Die eiendomskommissie het besluit om 'n boorgat op die kerkterrein te laat sink. Die proses is effens vertraag en sal eers na die langnaweek begin. Die water sal getoets word om te bepaal vir watter doeleindes dit gebruik kan word. Die toetsing is ongeveer 'n ses weke proses.

VATVYF UITSTAPPIE

Uitstappie op 2 Mei: Ons besoek die Hartmuseum by Groote Schuur Hospitaal. Vertrek om 09:30, besoek die museum om 11:00 en geniet daarna iets te drinke in die restaurant.

GEEN KATEGESE VANDAG

VAKATURE EDELWEISS

Edelweiss ACVV Dienstak benodig die dienste van 'n Vloermatrone (huishoudelik / wassery / skoonmaak). Die geskikte kandidaat moet verkieslik nie ouer as 55 wees nie met goeie gesondheid en sy moet middel Mei beskikbaar wees vir opleiding. CV's kan aan stella@acvv.org.za gerig word.

DOOP VANDAG

Ralph en Cristal Bernhardt, Summerwood 81, Pinehurst, laat doop vir Cayli Bernhardt.

MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Riaan Swart, gebore 14/10/1959. Sy roudiens was op Donderdag 24 April om 10:00 in die kerk.

Ons innige meegevoel met sy seun, Thehan wat hy agterlaat.

BADISA

BADISA is 'n organisasie van die NG en VGK Kerke se sinodale kantoor wat Maatskaplike programme aanbied.

Badisa Trio (Kraaifontein, Bellville en Scottsdene kantore), as Kinderbeskermingsorganisasie dien as 'n skakel tussen rolspelers in die gemeenskap en kwesbare kinders. Ter ondersteuning van die diens het Badisa Trio ook 'n **Poppie Projek**. Lappoppies kan teen R150 elk aangekoop word om Badisa se dienslewering aan kinders te ondersteun.

Badisa Trio se span Maatskaplike Werkers lewer die volgende noodsaaklike dienste:

- Bewusmaking deur middel van poppekaste en ouerleiding.
- Terapeutiese dienste d.m.v. van gevalle-, groep- en gemeenskapswerk
- Statutêre dienste aan kinders en families waar verwaarlosing, mishandeling, verlating of middel misbruik deur ouers gerapporteer word. Plasing van kinders in alternatiewe sorg soos pleegsorg, kindersorg- en/of jeugsentrums.

Skenkings van goeie tweedehandse klere, huisraad, ens. aan BADISA kan 'n groot verskil maak.
www.badisatrio.co.za

EDELWEISS BYBELSTUDIE

3 Mei om 15:00 en 15:45
Aksiefoto's uit Handelinge nommer 3

Handelinge 4: 32 – 5: 16
Mededeelsaamheid ... en afgunstigheid

STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator

021 976 8029
sos@stellenberg.co.za

BLESS A BLIND

Night without light

Sondag 20 Mei 18:00

Kom beleef die wêreld van 'n blinde tydens 'n aand van sang, musiek en drama aangebied deur talentvolle blinde kunstenaars.

Kaartjies @ R50 beskikbaar by Bellville Uitsig-gemeente.

4 X PINKSTERREEKSE

Pinkster 2018: U word hartlik uitgenooi na ons jaarlikse Pinkstergeleenthede. Vier Pinksterreekse word vanjaar aangebied:

- **Aandpinkster 13 tot 17 Mei om 19:00** (voorsang vanaf 18:50). Jy word hartlik uitgenooi na ons jaarlikse Pinkster-geleenthede. Pinkster is tradisioneel oor baie jare 'n tyd met hernude toewyding. Gee die Here geleentheid om op 'n baie spesiale manier met jou te praat in dié tyd. Kom beleef sang, getuienisse asook geestelike verdieping rondom die tema: **Kan ons God ooit ken?** Ons doen dit saam met ds. Callie Visagie na aanleiding van die sg. "Ek is" uitsprake in die Bybel.
  - ◊ Sondag 13 Mei: Begin by die begin
  - ◊ Maandag 14 Mei: Versadig en verkwik
  - ◊ Dinsdag 15 Mei: Met jou gesig na die Lig
  - ◊ Woensdag 16 Mei: Ken, volg en lei
  - ◊ Donderdag 17 Mei: Vrug in die wingerd?

Kom kuier na afloop van elke aand se diens saam in die Markplein rondom 'n koppie sop en beleef ook die seën van saamwees.

- **Kinderpinkster 13 tot 17 Mei** om 19:00 in die kleinsaal.
- **Tienerpinkster 13 tot 17 Mei** om 18:30 in die markplein. Ons gaan vooraf saamkuier, iets drink en *pool* speel. Vanaf 19:00 gaan ons saam lofprysing doen en die tema "overflow / loop oor" bespreek. Kom luister wat die Heilige Gees vir jou kan doen.
- **Oggendpinkster 14 tot 18 Mei** om 10:00 in die kerk. Aangebied deur Mike van Deventer.

VROUEKAMP

18 tot 20 Mei
Tema: Vind jouself in God se Storie

Plek: Die Eiland, Stellenbosch

Koste: R490 per persoon.

Bespreek jou plek deur die betaling te maak na ABSA, Vroue na God se hart, 926 140 4159. Gebruik jou naam en van as verwysing en stuur die bewys van betaling na

diexiesdatjies@gmail.com

Rig navrae aan Rita Robertson 084 640 4183.